Jan Venter

From: "Jan Venter" <carmen@vharts.co.za>
To: <advancemedsa@gmail.com>
Sent: 19 April 2010 07:50 nm
Subject: Kanker

Ek is in Desember 2007 met borskanker gediagnoseer. Waarna ek 'n mastektomie aan die linkerbors gehad het, gevolg deur chemoterapie van 6 maande. Ek het vir die 6 maande op gehou met werk, omdat die
newe- effekte van die chemoterapie te erg was, en ek permanent naar was.

Ek was toe in rimissie tot November 2009. Na vele ondersoeke het hulle ontdek dat daar 'n kankerverspreiding na my skelet was. Dit was in my kopbeen, rug, ribbes, borsbeen, heupbene.
Skielik was die kanker vir my 'n doodsvonnis, my onkoloog het ook gesê sy kan my pyn verlig, maar
sy sal my nie gesond kry nie, ek was baie dankbaar vir haar eerlike antwoord. Sy het bestraling
voorgestel op die plek op my rug waar dit die meeste pyn. Ek was bang vir die bestraling, want dit
was regoor my organe - pankreas, niere, lewer. My pa is in 2006 oorlede aan pankreaskanker wat
hulle bestraal het en al sy organe is aangetas in so 'n mate dat hy ontsettende ongerief ervaar het.
Dit was net nie vir my 'n logiese besluit nie, wat word dan van die kanker in al die ander dele van my
skelet - die kanker sal dan net verder groei terwyl daar net op een kol gefokus word.

Op daardie stadium het ek ontsettend pyn gehad en het morfien gedrink om my pyn te beheer.
Ek is na Dr Pretorius en hy het gesê my senario lyk nie goed nie, maar hy sal sy bes doen om
my te help. Na die eerste chemo het ek my morfien gelos, en daarna nooit weer enige pynstillers
gebruik nie. My telling het dramaties geval na elke behandeling.

Ek het Januarie 2010 weer begin skool hou sonder enige ongerief, en elke 2 weke na Pretoria
gereis vir chemoterapie. Ek het nou (16 April 2010) die chemoterapie geslaak en is gesond verklaar.

As die nie vir IPT was nie weet ek nie wat van my sou geword het nie. Sekerlik sou ek ~~nie~~ die
kanker oorleef het nie.

Baie dankie vir alternatiewe behandelings in Suid-Afrika, en dat ons nie nodig het om Mexico
of Duitsland toe moet gaan vir dieselfde behandeling nie, want ek beskik ~~nie oor~~ die finansies
nie.

Ek dink elke mens het die reg om self te besluit oor die behandeling wat hy/sy wil volg as kanker gediagnoseer word. Net jammer die mediesefondse gee jou nie die keuse van

behandeling nie. Lyk my hulle sien jou eerder dood as wat hulle jou wil help.

Dit was vir my 'n groot openbaring om te besef hoe onkologie die monopolie in Suid-Afrika het. Die mediesefonds wou nie eers vir my 'n port toestaan nie, omdat 'n onkoloog nie my chemo toedien nie. Na vele woordewisselings het hulle dit darem toegestaan. Ek wonder net of gaan dit oor lewens of oor geld?

Karen Venter
Hartswater

2010/04/20